Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

September 2019

HOEVEEL AMMONIUMSULFAAT IS GENOEG?

Ammoniumsulfaat word al vir jare met onkruiddoders soos glifosaat, kletodim, glufosinaat en halosulfuron gebruik. Die hoofrede hiervoor is om die antagonistiese katione in water te neutraliseer, sowel as om die opname van onkruiddoders te bevorder.

Villa beveel die gebruik van ons byvoegmiddels met hierdie onkruiddoders aan, omdat daar 'n groot verhoging in effektiwiteit, sowel as meer stabiele beheer oor verskillende waterkwaliteite is. Die vraag ontstaan hoeveel ammoniumsulfaat benodig word?

Die neutralisering van antagonistiese katione

Navorsing met glifosaat het dit moontlik gemaak om te bepaal hoeveel ammoniumsulfaat benodig word. Byvoorbeeld, indien water 600mg/L natrium, 80mg/L magnesium, 100mg/L kalsium en 10mg/L kalium bevat, sal dit 'n minimum van 600g ammoniumsulfaat per 100 liter benodig, net om dié vier antagonistiese katione te neutraliseer. Omdat 'n waterontleding dalk nie alle metaliese ione bepaal nie, mag daar meer ammoniumsulfaat benodig word om seker te maak dat alle katione, wat yster insluit, geneutraliseer word.

Dit is baie riskant om 'n lae dosis ammoniumsulfaat te gebruik indien die ioniese inhoud van water nie bepaal is nie. Indien die ammoniumsulfaat dosis te laag is om al hierdie katione aan te spreek, sal 'n sekere hoeveelheid onkruiddoder ge-deaktiveer word en swak onkruidbeheer tot gevolg hê. Hierdie antagonisme sal baie meer sigbaar wees onder swak omgewingstoestande wat onkruiddoder opname beperk.

Kan die ammoniumsulfaat dosis te hoog wees?

Villa se ammoniumsulfaat byvoegmiddels is teen 'n maksimum van 1% (droeë ammoniumsulfaat ekwivalent) geregistreer indien 'n waterontleding nie beskikbaar is nie. Daar sal geen negatiewe reaksie wees indien 'n hoër etiket dosis as wat benodig word gebruik word nie. Indien die soutinhoud van die water onbekend is, kan die hoogste aanbevole dosis ammoniumsulfaat gebruik word, sonder om enige nadelige effek te kry nie. Ons moedig dus die standaard gebruik van ammoniumsulfaat met onkruiddoders soos glifosaat en kletodim aan.

Sekere Villa glifosaat produkte mag 'n klein hoeveelheid ammoniumsulfaat in die formulasie bevat. Let asseblief op dat dit in die meeste gevalle nie naastenby genoeg is nie. 'n Ammoniumsulfaat byvoegmiddel sal nog steeds benodig word om optimale glifosaat onkruidbeheer te bewerkstellig.

Villa se mening

Ammoniumsulfaat is nog steeds die mees effektiewe katioon-neutraliserende byvoegmiddel. Dit is egter belangrik om genoeg byvoegmiddel te gebruik sodat alle antagonistiese katione ge-neutraliseer word. Indien die waterkwaliteit nie bepaal is nie, moet die hoogste aanbevole dosis ammoniumsulfaat gebruik word.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa